**REKENINGKUNDE GRAAD 9**
**Aanteken van transaksies in joernale (KOJ, KBJ, KKJ, DJ & DAJ)**
**Aktiwiteit 8**

Bridget Brettell, die eienaar van SPEELGOEDLAND, dryf handel in kinderspeelgoed en verhuur ook toerusting vir kinderpartytjies uit.

**OPDRAG:** Teken die transaksies in die KOJ, KBJ, KKJ, DJ & DAJ aan.

**LET WEL:** Alle ontavngste word daagliks in totaal gedeponeer.
Alle betalings word via die internet gedoen, behalwe vir kontanttjeks en kleiner aankope uit die kleinkas.

**TRANSAKSIE VIR JULIE 2020**

1. Ontvang ‘n faktuur van Clark Handelaars vir die volgende aankope. Betaal via die internet (E740).
   - 20 Barbie-poppe teen R143,80 elk.
   - 14 legkaarte teen R56,50 elk.

2. Wissel 'n kontanttjek (T381) ter betaling van lone, R1 500.

3. Totale verkope van goedere volgens kasregisterrol, R24 589,80 (kosprys R8 782,10)
   Ontvang R3 400 van S. Humpel, ‘n debiteur, as afbetaling op haar rekening. Reik kwitansie 208 uit.

6. Betaal Junie & Julie se huur van die perseel aan Brits Eiendomsagente per EFO (E741) R22 800 per maand.

9. Verkoop goedere aan N. Spangenberg per kredietfaktuur F208, R4 438,96 (kosprys R1 585,30).

10. Laat druk strooibiljette by Tait Drukkers en betaal met ‘n EFO (E742) om 'n uitverkoping van speelgoed te adverteer, R2 135,84.

13. D. du Toit stuur speelgoed, wat op 29 Junie 2020 aan hom verkoop is, terug. Reik kredietnota KN46 uit vir R304,92 (kosprys R108,89).

16. Koop skryfbehoeftes by PNA en betaal uit die kleinkas R207,60. Kleinkasbewys 87.

17. Verkoop speelgoed op krediet aan S. Humpel (F209), R1 864,22 (kosprys R665,78).

18. C. van Aswegen deponeer R1 200 direk in die lopende bankrekening van die onderneming vir die huur van ‘n springkasteel vir haar kind se verjaarsdagpartytjie.

20. Maak ‘n EFO (E743) aan Enzo Toys vir 15 stelle lego-blokkies teen R249,07 elk. 13 van die stelle sal gebruik word vir herverkoop terwyl die eienaar twee (2) stelle vir persoonlike gebruik neem.

23. S. Humpel stuur speelgoed terug (sien 17 Julie 2020) aangesien dit, volgens haar, swak kwaliteit is, R386,40 (kosprys R138,00). Reik kredietnota KN47 uit.

24. Koop tee, koffie, ens. vir die maand by Pick 'n Pay en betaal uit die kleinkas, R284,15 (bewys 88).

25. Ontvang R2 181,80 per kredietkaart vanaf M. Labuschagne vir die volgende:
   (Indien ‘n klant met ‘n kredietkaart betaal, dra die bank die geld direk oor na die onderneming se bankrekening. Jy moet dus die totale bedrag van die transaksie direk in die Bank-kolom ontleed).
   - Verkoop van geskenke & partytjie-items, R831,80 (kosprys R297,07).
   - Verhuur van partytjie-toerusting, R1 350.

27. Kredietverkope van goedere aan C. van Zyl. Reik kredietfaktuur F210 vir R918,24 uit (kosprys R327,94).

28. Ontvang R3 500 van N. Spangenberg as afbetaling op haar rekening. Reik kwitansie 209 uit.

**REKENINGKUNDE GRAAD 9**
**Aanteken van transaksies in joernale (KOJ, KBJ, KKJ, DJ & DAJ)**
**Aktiwiteit 8**

**KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN SPEELGOEDLAND VIR JULIE 2020** **KOJ**

| Dok nr | Dag | Besonderhede | Ontleding van ontvangste | | Bank | | Verkope | | Koste van verkope | | (Verhuuring van toerusting) Lopende inkomste | | Debiteure-kontrole | | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | Bedrag | | Besonderhede |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |

**KLEINKASJOERNAAL VAN SPEELGOEDLAND VIR JULIE 2020** **KKJ**

| Dok nr | Dag | Besonderhede | Kleinkas | | Handels-voorraad | | Posgeld | | Skryfbe-hoeftes | | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | Bedrag | | Besonderhede |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |

**KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN SPEELGOEDLAND VIR JULIE 2020** **KBJ**

| Dok nr | Dag | Begunstigde | Bank | | Handels-voorraad | | Toerusting | | Lone | | Onttrekkings | | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | Bedrag | | Besonderhede |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |

**SPEELGOEDLAND**
**DEBITEUREJOERNAAL VIR JULIE 2020** **DJ**

| Dok nr | Dag | Debiteure | Verkope | | Koste van verkope | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

**SPEELGOEDLAND**
**DEBITEURE–AFSLAGJOERNAAL VIR JULIE 2020** **DAJ**

| Dok nr | Dag | Debiteure | Debiteure-afslag | | Koste van verkope | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |